HOOFSTUK 2

# Hersiening

## Inligting

1 **BANKREKONSILIASIESTAAT OP 31 MAART 20.8**

| | Debiet | Krediet |
|---|---|---|
| Debietsaldo in Bankstaat | 8 400 | |
| Krediteer deposito nog nie gekrediteer by bank | | 7 408 |
| Debiteer tjeks uitstaande: no. 388 | 550 | |
| 594 | 4 260 | |
| 596 | 2 498 | |
| Krediet saldo in BANK rekening | | 8 300 |
| | 15 708 | 15 708 |

2 Totale van die Kontantontvangstejoernaal op 30 April 20.8:

| Bank | Diverse rekeninge |
|---|---|
| R31 420 | R31 420 |

3 Totale van die Kontantbetalingsjoernaal op 30 April 20.8:

| Bank | Diverse rekeninge |
|---|---|
| R34 188 | R34 188 |

4 Die Bankstaat ontvang vanaf Grand Bank toon 'n gunstige saldo van R1 730 op 30 April 20.8.

5 Na die kontantjoernale vir April vergelyk was met die Bankstaat van 30 April 20.8 en die Bankrekonsiliasiestaat van 31 Maart 20.8 was die volgende verskille aangedui:

- Tjek no. 594 verskyn op die Bankstaat van April 20.8.
- 'n Deposito van R7 408 verskyn op die Bankstaat van April 20.8.
- Tjek no. 388 vir R550 was uitgereik aan die Careline Kinderhuis as 'n donasie. Hierdie tjek het verouderde en moet gekanselleer word.
- 'n Debietorder vir die maandelikse versekering betaal aan Lindiene Care Versekering, R2 400.
- 'n Debiteur, M Middy, betaal R800 in die BANKREKENING van Gold Reef Handelaars in ter vereffening van hul rekening van R850.
- 'n Tjek ontvang vanaf L Lulu vir R660 was teruggestuur deur die bank, gemerk as "V/T –onvoldoende fondse".
- Homi Lesidi, die eienaar, deponeer R20 000 direk in die Bank om sy kapitaalbydrae te vermeerder.
- 'n Deposito gemaak op 30 April 20.8 vir die bedrag van R12 450 kom nie op die Bankstaat van April 20.8 voor nie.
- Die volgende verskyn slegs op die Bankstaat:
- Bankkoste R380
- Rente op oortrekking R260

- » Tjek nr 601 uitgereik aan Sizwe Handelaars vir handelsvoorraad was in die KBJ as R8 960 te boek gestel. Die korrekte bedrag van R9 860 verskyn op die Bankstaat. Korrigeer hierdie fout.
- » Die volgende tjeks uitgereik gedurende April 20.8 kom nie op die Bankstaat voor nie.

| Tjeknommer | Uitgereik aan | Bedrag |
|---|---|---|
| 636 | N Nisen | R1 400 |
| 637 | D Dwili ( gedateer 21 Mei 20.8) | R4 600 |

## Gevra

**1.1** Voltooi die KOJ en KBJ van Gold Reef Traders vir April 20.8. Sluit slegs die bankkolom af.

**1.2** Dra oor na die BANKREKENING in die Algemene Grootboek.

**1.3** Stel die Bankrekonsiliasiestaat op 30 April 20.8 op.

**1.4** Lees die uittreksel voorsien en antwoord die vrae.

### Uittreksel

Een van Hombi Lesidi se klante, A Mxinwa's stel Hombi in kennis dat iets vreemds gebeur het to hy sy rekening van R4 000 in kontant vereffen het. E Takall, die kassier, het 'n kwitansie aan hom oorhandig wat nie soos die normale kwitansies uitgereik deur Gold Reef Handelaars gelyk het nie. Met nadere inspeksie van die Debiteurestaat, het hy gesien dat 'n algemene joernaalinskrywing gemaak was om sy rekening te verminder. Hombi het die kwitansies nagegaan en bevind dat daar geen rekord was van die R4 000 wat deur die kassier ontvang of gedeponeer was nie.

**1.4.1** Verduidelik kortliks die probleem wat in hierdie onderneming bestaan.

**1.4.2** Voorsien twee stappe wat geneem kan word om die probleem op te los.

Hombi Lesidi wil die motorvoertuigpaaiement van R6 400 vir haar man se motor as 'n ondernemingsuitgawe te boek stel. Verduidelik die volgende:

**1.4.3** Waarom hierdie is nie aanvaarbare praktyk is nie?

**1.4.4** Waarom jy as die Rekenmeester, nie haar versoek ondersteun nie.

---

**2** Jy word voorsien met inligting aangaande Tembisa Handelaars. Hulle het jou hulp nodig met die voorbereiding van hul Bankrekonsiliasiestaat vir September 20.8. Hul finansiële jaareinde is 30 September 20.8.

## Inligting

Die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Augustus 20.8 toon die volgende:

| | |
|---|---|
| Saldo per Bankstaat | R44 000 Krediet |
| Saldo per BANK BANKREKENING in die grootboek | R26 100 Debiet |
| Uitstaande deposito (gedateer 31 Augustus 20.8) | R36 900 |
| Uitstaande tjeks: | |
| No. 5433 (gedateer 12 Maart 20.8) | R 4 000 |
| No. 6008 (gedateer 19 Augustus 20.8) | R22 800 |
| No. 6025 (gedateer 1 Oktober 20.8) | R28 000 |

HOOFSTUK 2

Tydens die vergelyking van die September Bankstaat vanaf Penny Bank met die KOJ en KBJ vir September, word die volgende opgelet:

| | |
|---|---|
| Item 1 | 'n Deposito van R36 900 verskyn op die Bankstaat op 1 September 20.8 maar nie in die September 20.8 joernale nie. |
| Item 2 | 'n Deposito van R28 650 verskyn in die KOJ op 30 September maar nie op die September 20.8 Bankstaat nie. |
| Item 3 | Huurinkomste van R12 000 was direk gedeponeer in die BANKREKENING van Tembisa Traders deur Sensen Traders. Hierdie verskyn op die Bankstaat maar nie in die joernale nie. |
| Item 4 | Bankkoste van R1 090 verskyn op die Bankstaat maar nie in die joernale nie. |
| Item 5 | Rente van R432 was gekrediteer op die Bankstaat, maar was nog nie in die joernale aangeteken nie. |
| Item 6 | Die Bankstaat reflekteer ’n gedishonoreerde tjek van R3 800. Hierdie tjek was oorspronklik te boek gestel in die KOJ op 9 September 20.8. Dit was ontvang vanaf V Vilikazi ter vereffening van sy skuld van R4 000. |
| Item 7 | Die Bankstaat reflekteer ’n gunstige saldo van R90 000 op 20 September 20.8. Tembisa Traders het ’n direkte oordrag gemaak aan Penny Bank vir R60 000 op hierdie datum ten einde ’n hoër opbrengs op ’n vaste deposito van 6.5% vir 2 jare te verdien. Hierdie transaksie was in die joernale aangeteken en op die Bankstaat. |
| Item 8 | Tjek No. 5433 is verouderde en moet gekanselleer word. Die tjek was oorspronklik uitgereik as ’n donasie aan die Save-the-Rhino fonds maar het verlore geraak in die pos. Dit was besluit om die donasie te vermeerder en ’n nuwe tjek, No. 6129, vir R5 000 uit te reik. Hierdie was nog nie in die KBJ aangeteken nie. |
| Item 9 | Op 30 September 20.8, het ’n debiteur N Otime, ’n tjek gedateer 30 Oktober 20.8 van R13 600 ter vereffening van sy skuld verskaf. Die bank het nie hierdie tjek aanvaar vir die deposito van 30 September 20.8. Hierdie tjek vanaf N Otime was nie in die joernale aangeteken nie. |
| Item 10 | Tjek No. 6008 vir R22 800 verskyn op die September 20.8 bankstaat maar nie in die September 20.8 joernale nie. |
| Item 11 | Tjek No. 6125 vir R16 800 verskyn in die September KBJ maar nie op die September 20.8 Bankstaat nie. |
| Item 12 | 'n Diverse inskrywing van R66 verskyn op die Bankstaat op 19 September 20.8. Hierdie is ’n bedrieglike inskrywing deur ’n bank werknemer. Die R66 verskyn ook op die bankstate van 19 Julie 20.8 en 19 Augustus 20.8 en Tembisa Traders het hierdie bedrae te boek gestel as 'bankkoste' in die KBJ vir Julie 20.8 en Augustus 20.8. Penny Bank het ooreengekom om al drie bedrae onmiddellik terug te swaai. |
| Item 13 | Die Bankstaat toon ’n gunstige saldo van R17 540 op 30 September 20.8 |

## Gevra

Bestudeer die voorsiene inligting en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Identifiseer die items wat in die KOJ aangeteken moet word.

2.2 Identifiseer die items wat in die KBJ aangeteken moet word.

2.3 Berei die Bankrekonsiliasiestaat op 30 September 20.8 voor.

2.4 Verduidelik hoe jy tjek No. 6025 vir R28 000 sal hanteer wanneer die finansiële state op 30 September 20.8 voor berei word.

2.5 In jou opinie, was dit wys van Tembisa Traders om R60 000 te belê op vaste deposito op 20 September 20.8? Verduidelik jou antwoord. Haal spesifieke syfers of besonderhede aan uit die vraag om jou antwoord te ondersteun.

2.6 Verwys na die inskrywing van R66 op die Bankstaat op 19 September 20.8 (verwys item 12). Tembisa Traders ontvang ’n telefoonoproep vanaf die bankbestuurder om navrae te doen oor die kwaliteit van hul diens. Wat moet Tembisa Traders aan hom sê?